

Die Moderne Merino in Perspektief

Dr. Jasper Coetzee, Voermol Voere

Tel: 021 887 9559, Cell: 082 801 6797, jasperco@iafrica.com



Merinoprodusente wat weens die lae wolprys oorweeg om na ander rasse oor te slaan, moet eers die "moderne" Merino probeer, want dit is een van die mees winsgewende skaaprasse. "You can beat the Merino — but only with the modern Merino!"

Die moderne Merino van die 21 ste eeu is meer as net die skouskaap van meer as 20 tot 30 jaar gelede, wat toe hoofsaaklik net op voorkomseienskappe, op grond van rasstandaarde, met behulp van die hand en die oog geselekteer is. Die Merino van vandag is die eindproduk van volgehoue visuele seleksie vir rasstandaarde (soms met behulp van liniêre beoordeling) en die toepassing van wetenskaplike seleksiemetodes en die gebruik van BLUP-teelwaardes soos vervat is in die Merinoplan. Hierdie hulpmiddels het ten doel om direk vir genetiese vordering in die mees belangrikste ekonomiese kenmerke te selekteer met die oog daarop om die winsgewendheid van die Merinokudde as geheel te verhoog. Met die relatiewe ekonomiese BLUP-teelwaarde van teelramme, wat tans betrekking het op bruto marge per kleinvee-eenheid per jaar, word daar in die moderne Merino nou op doeltreffendheid en winsgewendheid gefokus. Indien met die moderne Merino geboer word in 'n opset waar die weidingsbestuurstelsel, algemene bestuurspraktyke, strategiese byvoedingsprogram, seleksie- en telingspraktyke en finansiële bestuurspraktyke doeltreffend toegepas, op 'n hoë vlak bestuur en as 'n eenheid geïntegreer word, is die moderne Merino vandag een van die mees winsgewende wolskape.

Doeltreffendheid van die Merino

Wins word hoofsaaklik op grond van doeltreffendheid en nie soseer net op produkprys nie, behaal. Navorsing wat in die vroeë sewentigjare aan die Universiteit van Stellenbosch deur Du Plessis (1974) en Coetzee (1977) onder leiding van professor Piet de Wet gedoen is, het getoon dat die Merino die doeltreffendste benutter van proteïene, van die drie tipes wolskape wat geëvalueer is, was. In hierdie studies is

gevind dat die Merino oor die uitsonderlike vermoë beskik om 20 tot 25 % van sy ingenome proteïene na wol en vleis om te sit wat hom byna in dieselfde klas plaas as een van die mees doeltreffende voeromsetters, naamlik die melkkoei wat 30 tot 35 % van sy voerproteïene na melk omsit. Die doeltreffendheid waarmee skape voer en/of weiding na wol en vleis omsit, is een van die belangrikste faktore wat die winsgewendheid van 'n skaapboerdery bepaal. Australiese navorsers vind dat sterk- en mediumwolskape weiding 45 tot 62 % meer doeltreffend na wol omsit as fynwolskape (Friend *et al.*, 1998). Afgesien hiervan toon proewe, wat tans gedoen word waar fynwol-Merinos met sterkwol-Merinos, in nie-tradisionele fynwolgebiede, vergelyk word dat fynwolskape nie minder vrugbaar is nie en dat hulle hoër brutomarges genereer (Olivier, 2005).

Die afgelope ongeveer 15 jaar is die wolproduksievermoë van die Merino deur seleksie verlaag deurdat vir 'n meer gladde tipe Merino met minder plooië geselekteer is, veral met die doel om 'n sogenaamde meer "geharde" Merino te teel wat beter by suboptimale voedingstoestande, soos dikwels in die ekstensiewe gebiede ervaar word, aangepas is. Verskeie navorsingsproewe toon dat Merino's met 'n hoër wolproduksiepotensiaal (swaarder vagte) ook meer doeltreffende omsetters van weiding na wol as lae produseerders (ligte vagte) is. Die navorsing van Cronje en Smuts (1994) toon egter dat hoë wolproduseerders nie meer doeltreffend is nie, maar dat hulle meer van die beskikbare voedingstowwe na wolproduksie kanaliseer ten koste van liggaamsproteïene-neerlegging. Die bestaan van 'n negatiewe verwantskap tussen wolproduksiepotensiaal en lamspenmassa dui ook daarop dat hoë wolproduseerders nie meer doeltreffend

is nie, maar meer voedingstowwe na wol en minder na ander organe soos die melkklier (uier) kanaliseer (Herselman, ongepubliseerde resultate). Die bestaan van hierdie korrelasie beteken dus dat soos die wolproduksiepotensiaal verlaag, die Merino nie ondoeltreffender word nie, maar dat daar 'n dienooreenkomstige styging in lamgroeitempo en heel waarskynlik ook reproduksietempo behoort plaas te vind. Die rede hiervoor is dat daar nou meer voedingstowwe vir ander organe (bv. uier) en funksies beskikbaar is. Met ander woorde, hoewel daar oor die afgelope jare 'n klemverskuiwing (laer wolproduksie en fyner wol) in die seleksiedoelwitte van die Merino was, kan dit nog steeds met redelike sekerheid aanvaar word dat die moderne Merino nog steeds een van die skaaprasse is wat die ingenome voedingstowwe uit weiding die doeltreffendste benut vir die sintese (vorming) van wol- en liggaamsproteïene (vleis).

Reproduksie- en produksiepotensiaal

'n Hoë reproduksie- en groeitempo word nie net beskou as 'n aanduiding van fiksheid (verwys na aanpasbaarheid en gehardheid) nie, maar is van groot ekonomiese belang omdat die grootste gedeelte van die inkomste uit Merinoboerdery van vleis afkomstig is. Van die vroegste dae af is daar na die Merino verwys as 'n ras wat laag vrugbaar is. Hoewel die moderne Merino se vrugbaarheid aansienlik verbeter het, is daar nog steeds baie ruimte vir verbetering in hierdie belangrike ekonomiese kenmerk. Hierdie stelling word gegrond op die feit dat enkele Merinotelers daarin slaag om gereeld lampersentasies van meer as 150 % te behaal. Die boonste limiet van 'n ooi se fekunditeit (meerling-geboortes) word geneties beheer en die mate waarin sy dit bereik, is van omgewings-faktore (bv. voeding) afhanklik (Downing & Scaramuzzi, 1991). Navorsing toon dat vir elke 1 kg wat 'n ooi swaarder is met paring die lampersentasie met ongeveer 1.5 tot 2 % toeneem totdat haar genetiese potensiaal bereik is. Baie skaapprodusente verkeer onder die indruk dat skape met 'n groot bouvorm ook dié is wat die meeste geld genereer. Volgens Tino Herselmann van Grootfontein Navorsingsinstituut is dit egter nie noodwendig die geval nie omdat dit 'n bewese feit is dat groter diere 'n hoër voedingsbehoefte as kleiner diere het. Volgens dr. Buks Olivier van DVI van die LNR moet groter diere "iets" teruggee in die vorm van meer lammers, meer wol en vinniger markgereedheid om te vergoed vir die meer kos wat hulle vreet. Volgens hom behoort die doel eerder te wees om

Continue on next page ➤



Continue ➤

doeltreffendste diere, ongeag hulle grootte, te identifiseer en met hulle te boer. Penderis (1992) beraam dat, afhangend van die ooi se liggaamsmassa, 'n ooi wat 'n tweeling speen die ingenome weiding of voer 22.5 % tot 40 % meer doeltreffend na lamvleis omsit as 'n ooi wat 'n enkeling speen.

Aangesien voeding en omgewingsfaktore 'n belangrike invloed op die grootte (massa) van ooië en gevolglik hulle lampersentasie het, bemoeilik dit die vergelyking van die reproduksiepotensiaal tussen kuddes. Hierdie probleem kan in 'n mate oorkom word deur 'n aangepaste reproduksiepotensiaalindeks (RPPI = lampersentasie ÷ LM 0.75, waar LM die gemiddelde paringsmassa van ooië is) van 'n Australiese konsultant (Farquharson, 1999) te gebruik. Hierdie indeks bied 'n eenvoudige manier om die reproduksiepotensiaal en dus ook die doeltreffendheid van 'n kudde te bepaal. 'n Ooi-kudde met 'n gemiddelde paringsmassa van 55 kg en 'n lampersentasie van 95 % sal dus 'n reproduksiepotensiaalindeks van 4.7 hê. Daar moet na 'n teikenreproduksiepotensiaal-indeks van meer as 6.6 (d.i. 'n lampersentasie van 133 % en 160 % onderskeidelik vir ooië wat 55 en 70 kg weeg) met 'n besettingspersentasie van meer as 98 % gestrewe word, hierdie produksienorme is alreeds in enkele kuddes bereik. In teeltprogramme waar die doelwit is om die reproduksietempo van 'n kudde daadwerklik te verhoog, sal die ideaal wees om nageslaggetoetste tweelinggebore teelramme te gebruik wat gebore is uit ooië wat 'n leeftydgeskiedenis het dat hulle al hulle tweelinglamers suksesvol grootgemaak het.

Volgens dr. Buks Olivier (2000) is dit egter kortsigtig om onvoorwaardelik vir meerlinge te selekteer sonder inagneming van die individuele speenmassa omdat dit in suboptimale omgewings tot swak

oorlewing en lae speenmassas kan lei. Sy aanbeveling is dat die seleksiedoelwit eerder moet wees om die totale massa lam gespeen per ooi gepaar per jaar te verhoog omdat dit deur werpselgrootte, moedereienskappe, melkproduksie van die ooi en groeipotensiaal van die lam bepaal word. Die huidige norm vir Merino-ooie is 30 kg, maar die strewende of "benchmark" moet wees om meer as 35 kg lam te speen per ooi gepaar per jaar, 'n norm wat alreeds deur enkele van die top Merinokuddes oorskry is. Seleksie vir totale massa lam gespeen per ooi gepaar per jaar sal die reproduksietempo binne die optimum grense hou, want seleksie sal outomaties teen 'n komponent wees wat die aanpasbaarheid van óf die lam óf die ooi verlaag omdat dit ook die totale massa lam gespeen verlaag. Hierdie seleksieaantastaf is egter nie prakties vir kommersiële produsente wat nie van ouer-identifikasie gebruik maak nie. As alternatief kan hulle die soog- en droogtegniek gebruik om produktiewe teelooie te selekteer wat minstens een lam suksesvol grootmaak en dié wat oorslaan, geen of swak lammers speen, uit te skot.

Een van die toptelers van die moderne Merino, Ben Brynard van Klawervlei naby Calvinia, het gedurende die 2004/2005 seisoen gemiddeld 28.6 kg vleis en 7.8 kg skoonwol per teelooi gepaar (uitgedruk as totale kg vleis en wol bemark uit die kudde ÷ totale getal ooië gepaar) bemark. Ondanks die lae wolprys het hierdie kudde nog steeds 'n bruto marge (d.i. bruto inkomste minus direk allokeerbare uitgawes) van R652 per teelooi gepaar, gerealiseer. Hierdie hoë bruto marge is moontlik gemaak deur 'n baie hoë bemarkingspersentasie (getal diere bemark as persentasie van ooië gepaar) van 147.8 % weens 'n speenpersentasie (lammers gespeen per ooi gepaar) van 161 % in 2004. Die veseldikte van die kudde se wol wat bemark is, was 20 mikron met 'n skoonopbrengs van 64.8 %. Die uitstekende wolproduksie en

groeivermoë van die moderne Merinolam word duidelik geïllustreer deurdat Ben Brynard se uitskotlamers op ses maande ouderdom 'n wolinkomste van R45.65 per lam gerealiseer het en 'n karkasmassa van 23.97 kg gelewer het. Een van die mees winsgewende Merinokuddes in Australië het die afgelope 10 jaar 'n gemiddelde speenpersentasie van 137 tot 143 % van 1 800 ooië gehad wat 7.6 kg rouwol van 20.2 mikron per teelooi geproduseer het met 'n veebelading van 12 DSE (droë skaap ekwivalente) per hektaar. Hierdie kudde gebruik sleutel winsdrywers (key profit drivers) soos kg vleis en wol geproduseer per hektaar asook koste om 1 kg daarvan te produseer om hulle skaapboerdery meer winsgewend te maak (Baldwin, 2005).

Strategiese byvoeding

Deur die jare is die Merino, selfs die moderne Merino, geëtiketteer as 'n ras met swak moedereienskappe (ooie wat lammers weggooi) en lae melkproduksie. In die meeste gevalle kan hierdie gedrag aan onvoldoende voeding, veral deurvloeioproteïene, toegeskryf word. Die Merino-ooi het 'n baie hoë deurvloeioproteïenebehoefte vir die produksie van beide wol en melk. Indien die deurvloeioproteïeninnname te laag is, word te min aminosure na die uier gekanaliseer wat tot vertraagde aanvang van laktasie en verlaagde bies-produksie aanleiding gee. Dit het tot gevolg dat die ooië met geboorte van hulle lammers geen biesmelk of net 'n klein bietjie abnormaal dik en taai bies produseer. Hierdie toestand gee aanleiding tot die kenmerkende gedrag dat ooië hulle lammers weggooi asook dat lammers weens verhongering vrek. In die meeste gevalle kan hierdie gedrag van ooië en lamvrektes in 'n groot mate voorkom word deur die voorsiening van 'n hoë deurvloeioproteïenlek aan ooië gedurende die laaste vier

Continue on next page ➤

Continue >

weke voor lam asook tydens laktasie. Deurvloeioproteïenlekkie (300 – 500 g/ooie/dag) wat spesifiek vir hierdie doel ontwikkel is, is 'n Maxiwollemengsel (250 kg Voermol Maxiwol + 200 kg gemaalde mielies + 50 kg sout), Maxiwol Produksiekorrels, Maxiwol Readymix of Maxiblok.

Navorsing wat deur Jan Hoon (2005) die afgelope vyf jaar op verskeie plase en op verskillende tipes weiding regdeur die land gedoen is, toon dat die verskaffing van 'n hoë deurvloeioproteïenlekkie aan laatdragtige en lakterende ooie tot verhoogde lamproduksie aanleiding gee. Die verhoogde respons was hoofsaaklik omdat dit die speenpersentasie verhoog het deurdat dit lamvrektes beperk het terwyl dit in sommige gevalle ook die speenmassa verhoog het. Hierdie, asook ander navorsing, toon dat voorsiening van hoë deurvloeioproteïenlekkie onder die volgende toestande ekonomies geregtvaardig is, naamlik in die geval van:

- > weiding wat van 'n lae gehalte en/of skaars is, veral gedurende jare met gemiddelde of ondergemiddelde reënval;
- > lae of geen reënval gedurende die maand voor lekaanvulling normaalweg 'n aanvang neem;
- > ooie wat massa gedurende laatdragtigheid verloor;
- > hoë produseerders (bv. ooie met tweelingfetusse en ooie wat tweeling soog);
- > jongooie wat vir die eerste keer lam;
- > ooi-kudde wat 'n geskiedenis het van 'n hoë persentasie ooie wat lammers weggooi, geboorteprobleme, lammers wat met 'n geel geboortekleed gebore word en ooie met abnormale dik en taai biesmelk en
- > koue, nat en winderige toestande gedurende lamtyd.

Die doel met strategiese byvoeding is om die weiding meer doeltreffend te benut en doeltrefferder na vleis en wol om te sit deur die aanvulling van voedingstekorte en regstelling van voedingswanbalanse. Die doelwit met strategiese byvoeding moet altyd wees om meer geld uit skaapboerdery te maak. Volgens 'n bekende Australiese konsultant, Andrew Vizard (2002), is die resep om meer geld uit skape te maak, die verlagings van produksiekoste van die bemarkbare produk (bv. vleis en wol). Dit moet geskied deur nie noodwendig insetkoste (bv. voer-, doseer- en entkoste) te verlaag nie, maar deur meer bemarkbare produk (bv. meer en swaarder lammers, fyner en/of meer wol) per hektaar te produseer deur aanpassings in boerderypraktyke te

maak en deur met 'n meer produktiewe genotipe (bloedlyn) te boer. Deel van hierdie strategie moet die spesiale aandag wees wat aan die grootmaak en versorging van speenooilammers gegee word.

Daar is heelwat Merinoprodusente, veral in sekere areas, wat baie skepties is oor enige vorm van byvoeding en dit eerstens beskou as 'n onnodige uitgawe en tweedens dat dit aanleiding sal gee tot die teel van minder geharde en aangepaste skape. Die ironie is egter dat daar produsente is wat ondanks die feit dat hulle aansienlike bedrae geld aan strategiese byvoeding spandeer, ook die hoogste netto wins uit skaapboerdery realiseer. Dit is opvallend dat die produsente, wat die hoogste netto wins uit skaapboerdery genereer, se voeruitgawes tans (2005) meer as 70 % van die totale uitgawe van die skaapvertakking is.

Samevatting

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die tekortkominge (bv. lae vrugbaarheid, lae melkproduksie, swak moedereienskappe, ensovoorts) van die Merino, waarna in 'n artikel wat in 1949 in die "Boerdery van Suid-Afrika" verwys word, in die moderne Merino oorkom is. Produsente is dikwels geneig om net te fokus op faktore (bv. klimaat, produkpryse, ensovoorts) wat, hoewel dit 'n groot invloed op die winsgewendheid van Merinoboerdery het, meestal buite die beheer van die produsent is. Daarenteen het die moderne Merino reeds bewys dat indien sy eienaar 'n wetenskaplike bestuurstyl volg, die nuutste tegnologie gebruik en fokus op

daardie aspekte (bv. weidingsbestuurstelsel, algemene bestuurspraktyke, strategiese byvoedingsprogram, seleksie- en telingspraktyke en finansiële bestuur) waarvoor hy beheer het en waaraan hy wel iets kan doen, die moderne Merino vandag een van die mees winsgewende skaaprasse is.

Produsente word sterk aangeraai om suksesvolle telers van die moderne Merino, en wel die wat die hoogste wins genereer, te besoek en van hulle te leer wat hulle doen om hoogs suksesvol en winsgewend te wees asook om hulle eie kuddes se produksienormes (bv. kg wol en vleis geproduseer per teelooi of per hektaar asook die koste om 1 kg daarvan te produseer, bruto marge, ensovoorts) met hierdie kuddes te vergelyk om knelpunte in hulle eie bedryf te diagnoseer en op te los. Hierdie produsente het altyd nuwe idees en beter maniere om dinge te doen. Verder word produsente aangeraai om die nuutste tegnologie te gebruik, want volgens dr. Johan Willems (2001) gaan 'n produsent baie moeilik sy inkomste teenoor uitgawe verhoog sonder om nuwe tegnologie en bestuursmetodes te gebruik. In hierdie verband is Australiese konsultante dit eens dat die gewilligheid van 'n produsent om nuwe tegnologie en bestuurspraktyke in sy kudde te gebruik, grootliks sy winsgewendheid bepaal. Produsente word daarom versoek om die beste kundiges in die verband te konsulteer om op hoogte te kom van die nuutste tegnologie asook die mees winsgewende produksiestelsel(s) vir sy spesifieke omstandighede.

